## HY *SÁL* LEWE

Johannes 11:25[vi]

*In Christus se woorde aan Marta en Maria sit daar sekerheid:* "Wie in My glo, **sal** lewe, al sterwe hy ook". *Christus sê nie dat elkeen wat in Hom glo* dalk, *of* miskien, *of* moontlik *sal lewe, al het hy gesterwe nie. In die woorde van Christus is daar nie plek vir 'n vraagteken nie. Na die woorde van Christus kom 'n uitroepteken:* Wie in My glo, **sál** lewe, al sterwe hy ook**!** *As jy met mense te doen het, is die sekerheid nie vanselfsprekend nie. Mense bedrieg mekaar, lieg vir mekaar, laat mekaar in die steek. In jou verhouding met mense is daar altyd 'n mate van onsekerheid. Maar in jou verhouding met die Here hoef daar geen onsekerheid en twyfel te wees nie. God se Woord en God se beloftes is waar, dit staan vas en seker sodat jy daarop* **amen** *kan sê. Dat die gelowige na sy dood* **sál** lewe *is nie net 'n ydele belofte van Christus nie, Hy het dit bevestig as 'n ewige waarheid toe Hy op die Paasmôre uit die graf gekom het. Met Christus is die opstandingskrag nie uitgewerk nie. Soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, is jy óók opgewek om 'n nuwe lewe te lei wat oorgaan tot die ewigheid (Rom. 6:4). "Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding" (Rom. 6:5). Dat dít* **sál** *gebeur, daar staan Christus borg voor. Daarom hoef die dood nie meer die angste in jou te laat opkom nie.* Omdat jy in Christus glo, **sál** jy lewe, al sterwe jy ook**!**



## GOD BESKOU JOU AS SY TEMPEL OP AARDE

God leer in die Bybel dat elke gelowige 'n tempel van Hom is (1 Kor. 3:16-17, 2 Kor. 6:16, Ef. 211, 1 Kor. 6:19). As jy 'n tempel van God genoem word dui dit op die heiligheid wat jy as gelowige besit. Terselfdertyd beteken dit vir jou 'n groot verantwoordelikheid om die heiligheid in jou lewe te bewaar en te bevestig in jou daaglikse lewe. Jy mag nie deur die sonde die tempel van God besoedel of beskadig nie. Dit kan op twee maniere plaasvind: 1. Jy kan dit doen deur in dwaalleer te verval. Dit is wanneer jy afwyk van die waarheid wat God in sy woord laat opskryf het en jy dan jou eie standpunte oor sake inneem. 2. Jy kan die tempel van God ook ontreinig deur 'n onchristelike, onreine en sondige lewenswandel. Volharding in sonde is afgodery. As gelowige sal jy besef dat die samevoeging van God se tempel (jy!) met afgode onmoontlik is en afstuur op die oordeel van God. Want God se tempel kan nie vereenselwig word met 'n lewe van sonde en ontrou nie. God is heilig daarom moet sy tempel ook heilig wees. Dit is die daaglikse stryd waarin die gelowige staan. 'n Geestelike stryd teen die Satan en sy trawante (Ef. 6:12-13). In Christus is die enigste manier waarop jy hierdie stryd kan wen.

*Dr. Nico van der Merwe*



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**

[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

**Jaargang 5 Sondag 7 November 2010 Nommer 30**

## LEWENDE GELOOF

Baie mense vra die vraag: *Hoe kan ek weet of ek werklik `n gelowige is?* Watter sekerheid kan ek hê dat ek `n ware geloof het? Hoe kan my geloof gesien word? In sy sendbrief gee die apostel Jakobus vir ons die antwoord op al hierdie vrae: *"Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder werke dood"* (Jak. 2:26).

- ➲ Daar is die antwoord! Wanneer weet jy dat jy lewe? Wanneer siel en liggaam met mekaar verbind is as `n twee-eenheid.
- ➲ Siel + liggaam = lewende mens (Gen. 2:7). Liggaam sonder siel = `n lyk. Siel sonder liggaam is geen mens nie maar 'n gees.
- ➲ Jakobus se vergelyking is nou verstaanbaar.
  - 🡸 Geloof + geloofswerke = lewende geloof.
  - 🡸 Geloof *sonder* werke = dooie geloof.
  - 🡸 Werke *sonder* geloof = nuttelose werke.

Hierdie dinge is onafskeidbaar met mekaar verbind. `n Voorbeeld uit die alledaagse lewe verduidelik hierdie waarheid ook.

0 x 0 = 0

0 x 0 x 0 x 0 x 0 = 0

Dit maak nie saak hoeveelmaal jy 0 met 0 vermenigvuldig nie, dit bly *0*. Eers wanneer jy `n syfer by die nul voeg dan kry jy iets van waarde: 10 x 10 = 100, 20 x 30 = 600.


Voeg jy by die geloof die geloofswerke, dán eers word jou geloof betekenisvol, waardevol, sigbaar. ❑ Wanneer jy `n koppie vol kookwater gooi dan maak dit die binnekant sowel as die buitekant van die koppie warm. ❑ Wanneer jy ink in jou baadjiesak uitgooi slaan die kol dwarsdeur na buite toe ook.

So is dit met die geloof ook. Dit is wanneer jou geloof deur geloofswerke in jou hele lewe sigbaar word, dan weet jy dat jy glo. As jou lewe van binne en van buite gloei van die Heilige Gees dan weet jy dat jy waarlik glo. Die geloof in jou hart moet uiterlik sigbaar word in dade.

*Dr. Nico van der Merwe*



# PREKE VANDAG



**Oggenddiens: AS DIE MENS SWYG**

**Skriflesing: Rigters 19:28**

In Rigters 19 speel 'n skokkende gebeurtenis hom af. 'n Man, 'n Leviet, uit die Efraimsberge gaan haal sy byvrou by haar ouers in Betlehem. Oppad terug oornag hulle in Gibea by 'n gasvry ou man. 'n Klomp straatboewe klop aan en eis dat die reisiger uitgebring word vir homoseksuele dade. In verweer gryp die Leviet sy byvrou en stoot haar na buite in die hande van die boewe. Hulle het haar die hele nag verkrag en verrinneweer en toe die son uitkom het hulle haar gelos en sy het in die deur van die huis ineengestort. Toe die Leviet vroeg môre wil vertrek roep hy sy byvrou om te kom."Maar sy het nie geroer nie" – sy was dood. Sy swyg want sy is deur die mans ***opgebruik***. Soos 'n mens 'n lemoen se sap uitsuig en die res van die lemoen later weggooi as jy daarmee klaar is, so het die mans met die vrou gedoen. As die mens swyg dan beteken dit dat ander mense die een ***opgebruik*** het, ***misbruik*** het. Elke gelowige moet sy verhouding met sy medemense ondersoek en vasstel, is my medemens deur my teenwoordigheid verhef of misbruik. Kan elke medemens getuig dat hulle vanweë jou teenwoordigheid gestig, gebou is of is hulle afgebreek, misbruik en weggegooi.

## LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD

| | Lied | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Psalm 28:6 | 133 |
| 2. | Psalm 48:1, 2, 3 | 246 |
| 3. | Skrifberyming 5-3:1 & 2 | |
| 4. | Psalm 19:6 & 7 | 83 |
| 5. | Psalm 37:4, 5, 6 | 182 |
| 6. | Psalm 86:7 & 8 | 433 |
| 7. | Skrifberyming 2-4: 1 & 2 | |



# DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 5

**Hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls handel in geheel oor die *VOLHARDING VAN DIE HEILIGES.***

**Artikel 4 : DIE WARE GELOWIGES WORD NIE DEUR DIE SONDE OORWIN NIE**


Die mag van God, waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bevestig en bewaar, is so groot dat hulle nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie. Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle - deur hulle eie skuld - in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei word en dit navolg nie. Daarom moet hulle voortdurend waak en bid dat hulle nie in versoekings gelei word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot groot en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei. Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit.

[2 Sam. 11 & 12; 2 Sam. 24:1; 1 Kron. 21:1; Matt. 26:41 & 69; Rom. 8:3; Gal. 5:24; Ef. 2:3; 1 Tess. 5:16-17; 1 Pet. 2:11, 2 Pet. 2:18, 1 Joh. 2:16]

**Artikel 5 : DIE WARE GELOWIGES WORD NIE DEUR DIE SONDE OORWIN NIE**

Met sulke growwe sondes
***vertoorn*** hulle God vreeslik,
***verdien*** hulle die dood,
***bedroef*** hulle die Heilige Gees,
***versteur*** hulle die oefening in die geloof,
***verwond*** hulle die gewete ernstig en
***verloor*** hulle soms 'n tyd lank die besef van die genade.
Dit gebeur totdat God, wanneer hulle deur 'n opregte berou op die regte pad terugkeer, weer die lig van sy vaderlike aangesig oor hulle laat skyn.

[Num. 6:25; Ps. 4:7; Ps. 31:17; Ps. 43:3; Ps. 44:4; Ps. 67:2; Ps. 80:2, 4, 8, 20; Ps. 89:16; Ps. 118:27; Ps. 119:135; Efes. 4:30; Openb. 22:4-5]



## STUUR ASSEBLIEF GEGEWENS VAN KINDERS SE PRESTASIES

Die verskillende skole het van nou af een na die ander hulle prysuitdelingsfunksies vir 2010 en die verkiesing van Leerlingrade en Prefekterade vir 2011 vind ook plaas. Omdat die gemeente saam met die ouers trots is op en dankbaar is vir ons mooi verbondskinders se prestasies in hulle skooljare wil ons graag elke verbondskind se prestasie in Simbaal publiseer sodat die gemeentelede in die vreugde kan deel en ook 'n gelukwensing kan gee aan wie dit toekom.

*Sal pa's en ma's, oupas en oumas, vriende en maats asseblief laat weet van die kinders se prestasies wat tydens die toekenningsaande oorhandig is of met die verkiesing van 'n Leerlingraad. Skakel dr. Nico van der Merwe met berigte (☎ 018-468-1782) of sr. Martie Venter (☎ 018-468-6790).*

U kan ook die volgende e-pos adres gebruik:

*nico.vandermerwe@telkomsa.net*

## KERKARGIEF

Indien enige lidmaat foto's, inligtingstukke, notules, ens. oor die afgelope 30 jaar van die bestaan van ons gemeente het, en dit vir bewaring in die Kerkargief in Potchefstroom kan skenk, moet u asseblief met die skriba, **oudl. At Kruger**, skakel. Sy kontakbesonderhede is 018-468-3976, 083-400-3289 of atkruger@webmail.co.za. U kan inligting ook aan die kerk-adres: Posbus 6461, Flamwood 2572 stuur. Merk dit asseblief vir aandag: At Kruger. Foto's en ander gedenkwaardighede in elektroniese formaat is ook welkom.



## LAAT ONS WEET!

'n Vriendelike versoek: stuur asseblief alle berigte oor lief en leed vir Simbaal deur na **Martie Venter**, nie later nie as Woensdag van elke week, sodat ons met mekaar kan meeleef!
Werk soggens: 018 468 5022
Sel: 073 826 3526
Huis: 018 468 6790
e-pos: eisi@vodamail.co.za
martiehv@gds.co.za



## SUSTERS

Sameroepster vir November: Kotie Oosthuizen
Koekies / Lekkernye vir Kinderhuis:
November: Wyke 10 en 24

### KINDERHUIS

Die diakens verantwoordelik vir die Kinderhuis **wil graag al die lidmate wat reeds** tot hierdie projek bygedra het, **hartlik bedank**. Ons is nou omtrent **halfpad** en het nog die volgende nodig:

* tien seepbakkies
* tien koekies seep
* tien buisies tandepasta
* tien tandeborsels
* tien bottels deodorant (spuit of aanrol)
* tien sponsies om mee te was (hulle het ongelukkig nie hangplek vir waslappe nie)
* tien bottels/buisies handeroom
* 'n Verrassing of eetdingetjie vir elke kind.

U kan u bydrae – duidelik gemerk "KINDERHUIS" by die konsistorie afgee, of vir **Sr. Martie Venter** of **sr. Hanlie Mocke.**

## BEROEP

Dr. Sarel van der Walt van Benoni het die Kerkraad in kennis gestel dat hy nie die broep na Klerksdorp-Noord aanvaar nie.

## PREEKBEURTE

Die Kerkraad het die volgende reëlings getref vir die prediking in November 2010 (Die vakansierooster sal later gepubliseer word):

| Datum | Tyd | Kerkraad en Orreliste | Predikante |
|---|---|---|---|
| 7 November 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Dr. Nico van der Merwe<br>Dr. Jan Lion-Cachet |
| 14 November 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Dr. Nico van der Merwe<br>Dr. Jan Lion-Cachet |
| 21 November 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Ts. Johannes de Bruyn<br>Ds. Jan-Carel Erasmus |
| 28 November 2010 | 09:30<br>18:00 | ***Nagmaal***<br>Klerksdorp-Noord | Dr. Nico van der Merwe<br>Dr. Jan Lion-Cachet |
| Die jaarlikse Kerssangbyeenkoms is vanjaar op 28 November 2010 om 19:00 in die gemeentesentrum van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp. | | | |

**Uit die Woord**
Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees?
Psalm 27:1

**Wyse Woorde**
Wanneer dit donker genoeg is, sien mense die sterre.
Ralph Waldo Emerson






## MUNTLEGGING BYBELVERSPREIDING

Die muntlegging vir Bybelverspreiding verlede Sondag het ongeveer R2000+ opgelewer. Die Kassier, od. Piet Kruger het aan Simbaal gemeld dat hy reeds R1795.00 gebank het en dat daar nog een sakkie met muntstukke getel moet word.



## HOE WORD JY GEESTELIK GEPROGRAMMEER?



*"Pasop dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie." (Kol. 2:8)*

Dit is 'n vasstaande feit dat die omgewing 'n invloed op elke mens het. Daar word gepraat van "omgewing-stimulasie". Dit is presies waarteen Paulus waarsku (Kol. 2:8). Hy waarsku teen die gevaar om weggevoer te word, om op die verkeerde pad geplaas te word deur teorieë en argumente wat misleidend is. Paulus verwys hier na die filosofieë van die filosowe in Kolosse wat allerhande voorskrifte met 'n streng wettiese godsdienstige lewenstyl voorgestel het. Die oorlewering van mense (dwaling) staan in direkte kontras met Christus (waarheid). Paulus verwerp alle filosofieë wat voorgee dat die mens – en nie Christus nie – die antwoorde op die lewensvrae bied. Sô 'n filosofie word uiteindelik 'n vals godsdiens. Voordat die Kolossense tot geloof en bekering gekom het, het hulle geleef onder die invloed van dié filosofieë en die heidense omgewing. Hulle was daaraan blootgestel. Hulle moet daarom waaksaam wees dat hulle nie van Christus af weggevoer word terug na die heidense lewenswyse nie. Elke gelowige staan vandag voor die gevaar om deur 'n onskriftuurlike lewenspatroon van God weg te drywe. As verlostes in Christus moet die gelowige soos verlostes lewe. Jou gedagtes moet deur die Heilige Gees uit die Bybel geprogrammeer word en nie deur die dwalinge van die tyd nie. "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe" (Rom. 12:2).



# AGTERDOG WEK IS SATANSWERK

Dit is nie moeilik om agterdog teen iemand te wek nie. Wat is *agterdog wek?* Dit is om wantroue in iemand te laat ontstaan. Jy versprei dus die vermoede dat 'n sekere persoon vals of sleg is. So iets kan baie maklik gebeur want as mense praat ons nie net ***met*** mekaar nie, maar ons praat ook ***van*** en ***oor*** mekaar. Vir die Here is dit belangrik ***wát*** *jy van jou vriende en jou medemense sê*. Ja, God luister na jou woorde en jou geselskap want God die Heilige Gees woon in jou hart en Hy is 'n Getuie van wat jy oor iemand en van iemand te sê het. Jy kan baie maklik van iemand anders *skinder, slegpraat, kwaadpraat, valslik kritiseer*. Dis verkeerd! Maar wees veral versigtig om teen iemand ***agterdog*** te wek. Ons kan ook praat van ***verdagmakery***.

Dit is baie maklik om iemand se optrede en bedoelinge met `n paar woorde *verdag* of *twyfelagtig* of *agterdogtig* te laat voorkom. Die moderne lewe is vol hiervan. Hoeveel mense het jy die afgelope week gehoor wat `n ander persoon se optrede of persoonlikheid teenoor jou verdag gemaak het? *Verdagmaak* is om iemand se optrede of persoonlikheid *agterdogtig* voor te stel, asof die persoon net kwaad bedoel, net leed wil aandoen en net van plan is om jou en ander te na te kom.

***Agterdog wek of verdagmaking* is *Satanswerk!***

- ***Satan*** het God verdag gemaak by Eva [Gen. 3:1,4,5].
- ***Satan*** het Job verdag gemaak by God [Job 1 & 2].
- Die Jode het Jesus verdag gemaak by die Romeinse owerheid [Matt. 27].

Verdagmaking of agterdog saai is om *leuens* van `n ander persoon te vertel asof dit die waarheid is. En dít is satanswerk!! Want die Satan is vader van die leuen [Joh 8:44]. Wie `n ander persoon verdagmaak speel in die hande van die Satan. Die *"storie"* die *"feite"* van die verdagmakers berus *nooit* op die waarheid nie!! Die kern van verdagmakery is altyd leuens. Dit is meestal hoorsê!

- Mense wat ander mense verdagmaak wil daarmee `n sekere *stemming* wek wat hulle eie twyfelagtige standpunte moet ondersteun.
- Mense wat ander mense verdagmaak het met die wegspring al nie `n goeie saak nie, want hulle saak kan nie op `n goeie, openlike, eerlike manier bevorder word nie.
- Sodra verdagmakery, knoeiery, onderduimsheid, agterbaksheid, skelmstreke, vuilspel nodig is om jou saak te propageer, *het jy geen eerlike saak nie.*

Elke eerlike en opregte standpunt kan met eerlikheid volgens die reëls floreer solank dit die waarheid dien en daarop gemik is om die Naam van die Here tot eer te strek. Wees dus waaksaam hoe jy van en oor ander mense praat. Jy moet opbou in dit wat jy sê en nie afbreek nie! Jy moet in jou woorde God en jou naaste dien en nie Satan nie.

*Dr. Nico van der Merwe*



# DIE KEUSE TUSSEN HEL EN HEMEL

Jesus het vir 30 jaar lank in sy ouerhuis in Nasaret opgegroei.

- Toe Hy 30 jaar oud was, het Hy sy ouerhuis verlaat om rond te gaan en te preek en wondertekens te doen.
- Jesus se openbare optrede begin met sy **doop** deur Johannes die Doper [Mark 1:9-11].
- Na sy doop het die Heilige Gees Christus die woestyn ingelei om deur die Satan versoek te word.

Van sy verblyf in die woestyn skryf Markus: ***"Jesus was daar saam met die wilde diere, en die engele het Hom versorg"*** [Mark 1:13].

Hierdie woorde het simboliese betekenis.

- Die *wilde diere* is simbool van *sonde* (hel) [Gen. 3:17-19].
- Die *engele* is simbool van die *hemel.*

Tussen hierdie twee het Christus `n keuse en tussen hierdie twee sal Hy moet ly totdat Hy uitroep: *"Dit is volbring"* [Joh. 19:30]. Hierdie waarheid het vir ons as gelowiges in 2008 ook groot betekenis. Dit is waar ons ons lewensroeping ook moet vervul, tussen die *"wilde diere"* [die verwildering deur die sonde] en die *"engele"* [die hemelse kalmte van die verlossing in Christus]. Tussen hierdie twee word jy soms wreed heen en weer geslinger, dan in die groot gevaar van die suigkrag van die hel en dan weer in die geloofskalmte en sekerheid van die hemel. In Jesus Christus is jy in staat om die regte keuse te maak. In die oorwinning van Christus aan die kruis kies jy vir die hemel en nie vir die hel nie. En hierdie keuse moet jou daaglikse lewe kenmerk. Alleen as jy voluit uit hierdie keuse leef is dit moontlik om in die tyd staande te bly want dan is jou lewenswortels nie geanker in die gebroke werklikheid nie maar in die onfeilbare Woord van God, jou rigsnoer vir jou pad na die hemel, die ewigheid wat God skenk.

*Dr. Nico van der Merwe*


| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 7 November | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 14 November | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 21 November | Barmhartigheid | Teologiese Studente |
| 28 November | Barmhartigheid | Emeritaatsfonds |



**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 7 November tot Saterdag 13 November 2010

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 7 November | Oggenddiens | 09:30 |
| Sondag 7 November | Aanddiens | 18:00 |




**TEESKINKBEURTE**

| | |
|---|---|
| Sondag 7 November 2010 | Geen teeskink |
| Sondag 14 November 2010 | Geen teeskink |



**VERJAARDAE**

| | |
|---|---|
| 7 November | Karla Lemmer |
| 8 November | Anelle Roos |
| 8 November | Melanie Joubert |
| 9 November | Abrie Lotter |
| 9 November | Nico du Plessis |
| 10 November | Danie Pretorius |
| 11 November | Hennie van Rooyen |
| 12 November | Andre Hulshof |
| 12 November | Andre le Grange |
| 12 November | Johan Venter |
| 13 November | Michael van der Walt |
| 13 November | Seun van Aswegen |
| 13 November | Heila Nortman |
| 13 November | Anna Alberts |



**Baie geluk met julle verjaarsdae. Mag die nuwe jaar voorspoed, vreugde en goeie gesondheid vir u inhou.**



## LIEF EN LEED



- ‘n Hartlike gelukwensing gaan aan ***br. James en sr. Hettie Cunningham***, die trotse en dankbare grootouers van ***Christiaan Bronkhorst***, graad 10-leerder in St. Andrews School, Bloemfontein. Hy stap vanjaar met etlike pryse weg: Akademiese en Kulturele ereklere; die trofee vir die beste akademiese presteerder in graad 10, die beste senior debatteerder en die Prof. Philip Tobias-prys vir die beste openbare spreker. As spesiale erkenning vir sy bydrae tot die skool, ontvang hy ook ‘n toekenning van die skoolhoof. Sy taal- en debatteertalent strek nog verder: hy is nommer 1 Engelse debatteerder in die Vrystaat en ook spankaptein van die Vrystaatse Senior Skoledebatspan. Bowendien is hy die tweede beste Engelse debatteerder in Afrika. Christiaan het vroeër vanjaar 13de uit 6400 deelnemers in die jaarlikse De Beers Engelse Olimpiade gekom. Hy was die enigste Vrystater onder die top 100 en het as deel van sy pryse een jaar se klasgelde aan Rhodes Universiteit gewen. Christiaan neem ook Latyn as vak en skryf tans Graad 11 eksamen. Daarbenewens presteer hy ook met ‘n 96% gemiddeld in Advanced Programme Mathematics. Bo en behalwe sy druk program, weet Christiaan ook van dienswerk: elke Sondag skuif hy op sy plek in by die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Noord, waar hy verantwoordelik is vir die klank- en preekopnames.

- ***Tannie Lidie Botha*** moes die afgelope week toetse in die hospitaal ondergaan. Ons vertrou dat sy gou weer beter sal voel.

**BEDANKING**

Ek wil graag al die lidmate wat my in hulle gebede aan die Here opgedra het, bedank, asook almal wat my besoek of gebel het, tydens die tyd wat ek in die hospitaal was en die pasaangeër ontvang het. Dit het vir my en my kinders baie beteken.
Groete in Christus,
Oom Peet v.d. Walt